LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 34/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Twee Houtkappers

Baie van ons het al die verhaal gehoor van die twee houtkappers, 'n jong man en 'n ouer man. Albei houtkappers het 'n kwota hout gehad wat elke dag gekap moes word. Die jong man het soos die voortvarentheid van die jeug maar is, met spoed weggespring en alles so vining as moontlik probeer doen. Hy het hard gewerk en self nie eers sy ruskans geneem nie, net so hard en aanhoudend as moontlik probeer kap. Die ouer man aan die ander kant het eers gaan sit en sy byl geslyp, seker gemaak sy byl is skerp genoeg om die taak met sukses af te handel. Die ouer man sou ook met gereëlde tydperke 'n vinnige breuk geneem het en tydens die breuk weer sy byl inspekteer en dit geslyp het. Alhoewel die jong man goed begin het, het sy kragte teen die einde begin afneem, omrede sy byl stomp geraak het was hy ook nie so produktief in sy taak nie. Wysheid leer ons dat ons ook gereeld ons eie byle moet slyp. Ons kan baie keer vinnig wegspring en goed werk, maar as 'n byl baie gewerk het, word hy stomp. As ons baie gewerk het, sal ons byle ook stomp word. Hoe kan ek dan dit verhoed? Ons stiltetyd is daardie tyd elke dag waar ons die geleentheid kry om ons byl te slyp. Om elke oggend 'n tydjie saam met God te spandeer, leer ons baie van onsself ken en leer ons God ook ken. God versterk ons in daardie tyd, ons werk dan deur die dag nie met ons eie krag nie, maar met God se krag in ons. Daag jouself uit, slyp eke dag jou byl saam met God en kyk watter wonderlike werk God deur jou kan doen.

## Goegieland

Welkom terug! Ons hoop almal het heerlik gerus en is weer gereed vir 'n vrolike en besige vierde kwartaal vol spesiale oomblikke!

**Graad R Gradeplegtigheid**

Datum: Maandag, 3 November 2025
Tyd: 17:30 vir 18:00
Plek: Laerskool Goedehoop Skoolsaal
Koste: R50 per persoon (Sluit 'n ligte ete en drinkgoed in na afloop van die Gradeplegtigheid. Alle Gr. 0 Goegieland-kleuters is gratis!)
Drag: Semi-formeel (soos vir kerk)
Kleuters: Netjies en skoon geklee met skoene aan.
Foto's: 'n Fotograaf sal in die voorportaal beskikbaar wees vir gesinsfoto's.
RSVP: Teen Donderdag, 30 Oktober 2025 (18:00) op die Karri-Toep.

**Karri-Toep**

Ons is opgewonde om bekend te maak dat al ons belangrike inligting, betalings en herinnerings nou maklik op één plek beskikbaar gaan wees! Laai gerus die Karri- Toep af.

Met die Karri-Toep kan ouers:

- Maklik betalings doen (soos vir die Gr R Gradeplegtigheid).
- Herinnerings ontvang oor aktiwiteite en belangrike datums.
- Nuus en kennisgewings vinnig sien – alles net 'n kliek weg!

Help ons om kommunikasie nog gladder te maak deur die App vandag af te laai.

**Fondsinsameling saam met Secunda Toyota**

Ons ondersteun hierdie kwartaal 'n projek ten bate van behoeftige gesinne.

## Week se Program

### 20 Oktober 2025

- Krieket o/12 MPU Finaal vs Nelspruit Primary (Tuis)

### 21 Oktober 2025

- Rugby o/8 te LS Goudrand

### 23 Oktober 2025

- Rugby o/8 te LS Goudrand

### 25 Oktober 2025

- Atletiek Super 12 te Menlo Hoërskool

### 20 tot 24 Oktober 2025

- Artistatue Drama Finaal

### 21 tot 24 Oktober 2025

- Graad 6 Veldskool



## Begrotingsvergadering

### 28 Oktober 2025

### 4 November 2025 (Alternatief)

Bring asseblief nie-bederfbare items teen 24 Oktober 2025 om te help om Mnr Gawie "uit die tronk" te kry! Baie dankie vir julle ondersteuning en omgee.

**Kleuterskool Kersfees**
Neem asseblief kennis dat die Somerfees en Kersfees op 21 November 2025 sal plaasvind. Volledige besonderhede volg binnekort op die klasgroepe.

Ons sien uit na 'n wonderlike kwartaal saam met al ons Goegies vol glimlagte, lag en leerspeletjies! Baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning en betrokkenheid.

Groete uit Goegieland

## Welkom terug!

Baie welkom terug by die vierde kwartaal. Ons glo en vertrou die rus was net genoeg om ons krag te herwin vir die laaste deel van die jaar. Wanneer ons die eksamen in ag neem is hierdie eintlik 'n baie kort kwartaal en gebeur alles redelik vinnig. Dit is ons wens dat elkeen 'n wonderlike vierde kwartaal sal beleef. Ons praat hierdie kwartaal baie met mekaar oor hoe ons mekaar moet hanteer. Hoe ons maats met mekaar praat en hoe ons omgee wys. Ons versoek dat u as ouers ook met u kinders sal gesels rondom hoe ons mekaar hanteer en met mekaar gesels. Wanneer kinders ander maats nie mooi hanteer nie, gaan ons as personeel dit verseker aanspreek. Ek dink dit is vir geen ouer lekker om te hoor dat hulle kind 'n boelie is nie, daarom vra ons eerder voorsorg. Ons vertrou u as ouers sal hierdie ook in dieselfde ernstige lig beskou as die skool.

## Eindeksamen

Die eindeksamen is 'n belangrike deel van die kinders se finale punt. Dit is belangrik dat die kinders hierdie kwartaal hard moet werk aan hul akademie. Elke jaar is die basis en grondslag vir die volgende jaar, daarom is dit belangrik om sterk te eindig. Beperk daarom ook afwesighede, kinders moet by die skool wees, baie inligting word in die klas gegee wat belangrik is vir die eksamenvoorbereiding.

## Eskom Expo

Milan Zwarts het 'n silwer medalje behaal vir haar innoverende projek oor die vroeë opsporing van epilepsie (Early Detection of Epileptic). Haar navorsing en toewyding het internasionale erkenning verdien. Philip Cloete het uitgeblink deur 'n brons medalje te verwerf, sowel as 'n spesiale toekenning vir innoverende tegnologie. Sy projek in ingenieurswese, getiteld "Outdoor Smart Home", het sy kreatiwiteit en tegniese vernuf ten toon gestel. Baie geluk aan beide leerders vir hierdie uitsonderlike prestasies. Julle het ons skool en gemeenskap trots gemaak! Mag hierdie sukses julle aanspoor tot verdere hoogtepunte.







## Dankbaarheid

Ons is so dankbaar dat God elke dag vir ons sorg en dat ons maats vir mekaar omgee.







| 20 Okt | 21 Okt | 22 Okt | 23 Okt | 24 Okt | 25 Okt | 26 Okt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Marine Prinsloo<br>Ewandré Booth | Wayne Fourie | DeAndre du Preez | Wynand du Plessis<br>Kiara Else<br>Logan de Vos | MJ v Rensburg<br>Anja Nolan<br>Sunelle Grundling | Rori Mokheseng<br>Adolf Swart<br>Lee-Anne Schwartz | Amoré Nienaber<br>Keagan Bloem<br>Ciara v Rooyen<br>Zenieke Laas |

# Super 12 Gholf

Op Vrydag, 3 Oktober 2025 het Goedehoop se gholfers die geleentheid gehad om op Sun City se gholfbaan aan die Super 12 Gholftoernooi deel te neem. Met die Zero voorgee eindig die seuns 21ste uit 23 en die dogters 8ste uit 11 skole. Met die IPS eindig die dogters 4de uit 11 skole en die seuns 19de uit 23 skole.

**Seunspan:**
Sebastian Stratford
Jaydee Pruis

**Meisiespan:**
Mieke Bam
Mikayla Smit




# Bergfiets

11 en 12 Oktober 2025 was 'n hoogtepunt vir ons skool, waar ons ryers ons só trots gemaak het. Die bergfietsryers het hul harte uitgery en Goedehoop staan hierdie jaar verseker uit! Ons is trots op elke leerder wat alles gegee het, en ons skool se naam hoog gehou het.

**SKOLE WEDREN - INDIVIDUELE UITSLAE - 11 OKTOBER 2025**

**Nipper Meisies**
Wiané van der Berg - 25ste
**Nipper Seuns**
Stephen Mouton - 13e
Erik du Plessis - 20ste
**Sprog Meisies**
Marisa Mouton - 16de
Lumé Storm - 22ste
**Sprog Seuns**
Sebastiaan Matthee - 19e
**Sub Junior Meisies**
Monique Phillips - 38ste




**SA WEDREN - INDIVIDUELE UITSLAE - 12 OKTOBER 2025**

**Nipper Meisies**
Wiané van den Berg - 23ste
**Nipper Seuns**
Stephen Mouton - 11de
Erik du Plessis - 30ste
**Sprog Meisies**
Marisa Mouton - 15de
Lumé Storm - 24ste
**Sprog Seuns**
Sebastiaan Matthee - 34ste
**Sub-Junior Meisies**
Monique Phillips - 39ste

# Warrior Princesses 1 November 2025

Ons is baie opgewonde oor die Warrior Princesses wat plaasvind op Saterdag, 1 November 2025 by Lake Umuzi Kamp Oase. Gemengde spanne word toegelaat, so skryf vir boet en sus beide in! Registrasie sluit 28 Oktober 2025.

**Lekker sakpas pryse!**
1 tot 4 deelnemers = R250/deelnemer
5 tot 9 deelnemers = R225/deelnemer
10+ deelnemers = R200/deelnemer




Die Skakel

**Warrior Princesses & Friends**

## Hokkie

Baie geluk aan die volgende leerders wat deurdring na die volgende rondte van die Mpumalanga Hokkieproewe:

**Dogters o/11**
Manny Neto
Llené van Jaarsveld

**Dogters o/12**
Anke Cloete
Monique du Plessis
Mikayla Smit

**Seuns o/11**
Jason Stratford
Clayton Schreuder
Sebastian le Roux
Christiaan Hartzer

**Seuns o/12**
Zian Mocke
Wian le Roux
Nico van der Westhuizen
Daantjie Lesch
Ewan Rynders































## Atletiek

Ons eerste atletiekbyeenkoms het op 14 Oktober 2025 by Laerskool Van Riebeeckpark plaasgevind. Dit was 'n warm, lang dag vol son en sweet, maar ook vol geesdrif en sportmanskap. Die leerders het hulle uitstekend gedra en dit was 'n baie suksesvolle byeenkoms. Baie dankie aan al die deelnemers, personeel en ouers vir julle ondersteuning en harde werk. Die leerders wat 1ste of 2de in hul items geëindig het, kry nou die geleentheid om ons skool by die Super 12-byeenkoms op 25 Oktober 2025 te verteenwoordig. Ons sien uit na 'n fantastiese atletiekseisoen vol spanpoging, geesdrif en uitstekende prestasies!

Atletiekdatums vir die Seisoen:
Die volgende datums is dié wat ons tot op hede reeds ontvang het – maak seker dit is in julle kalenders aangeteken:

- 25 Oktober 2025 – Super 12 (LS Menlopark)
- 1 November 2025 – Top 20 (LS Taalfees)
- 17 Januarie 2026 – Interhuisbyeenkoms
- 23 Januarie 2026 – Standerton-byeenkoms
- 31 Januarie 2026 – Goedehoop Prestige
- 4 Februarie 2026 – Hoëveldgroepbyeenkoms
- 7 Februarie 2026 – Kanonkopbyeenkoms

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

**Laai hier die KARRI-TOEP af**

**PLAY STORE**

**APPLE STORE**

